## *Mal 3:16*

16 Toe het die wat JaHWeH vrees, met mekaar gespreek; en JaHWeH het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n Boek van Herinnering voor Sy Aangesig geskrywe vir die wat JaHWeH vrees en Sy Naam Eer. [Odes van Salomo 23; Boekrol van Henog 99:3; JeshaJaH 29:18, 23; 66:4; JeségiEl 4:13; 36:23; 38:7]

Mal 3:17 En hulle sal My tot 'n eiendom wees, sê JaHWeH van die skeppings-leërmag, op die dag wat Ek herstel, en Ek sal met hulle Medelye hê soos 'n man medelye het met sy seun wat hom dien.

Mal 3:18 Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die besoedelde, tussen die wat Elohim dien en die wat Hom nie dien nie.

## *Sag 5:1*

EN ek het my oë weer opgeslaan en gekyk - daar was 'n versluierde [Boek]rol. [JeshaJaH 25:7]

5:2 En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: Ek sien 'n versluierde [Boek]rol, haar lengte is twintig voorarm en haar breedte tien voorarm. [JeshaJaH 29:10 - 21]

5:3 Daarop sê hy vir my: Sy is die vervloeking wat uitgaan oor die ganse Aarde; want ooreenkomstig daarmee sal al die wat steel hiervandaan weggeruim word, en ooreenkomstig daarmee sal al die wat vals sweer hiervandaan weggeruim word. [TsefánJaH 3:13]

## *[[Ode oor 'n Boek, die Plaat van Herinnering.]*

23 BLYDSKAP behoort aan die apartes, en wie sal met Haar beklee word, behalwe hulle?

2 Barmhartigheid behoort aan die uitverkorenes, en wie sal Hom ontvang, behalwe hulle wat van die begin af op Hom vertrou het?

3 Liefde behoort aan die uitverkorenes, en wie sal met Haar beklee word, behalwe hulle wat Haar van die begin af besit het?

4 Wandel in die Kennis van die Hoogste El, en jy sal die Guns van JaHWeH, sonder teësinnigheid, ken: SY jubeling en die Suiwerheid van SY Kennis.

5 **SY gedagtes was soos 'n Boekrol**, SY Wil het neergekom van omhoog; [JeshaJaH 5:28]

6 En hy is gestuur soos 'n pyl uit 'n boog, wat afgevuur word met krag; [Openbaring 6:2; Psalm 127:4]

7 En vele hande het afgepyl op die Boekrol om hom te gryp en hom te neem en hom te lees;

8 En hy het uit hulle vingers ontsnap; en hulle was vol vrees vir hom en vir die Seël wat op hom was. [JeshaJaH 29:10-12]

9 Want hulle was nie toegelaat om sy Seël te verbreek nie, want die Krag wat op die Seël was, was groter as hulle.

10 Maar hulle wat hom gesien het, het agter die Boekrol aangegaan, sodat hulle kon weet waar sy bestemming was, en wie hom sou lees, en wie hom sou hoor. [JeshaJaH 29:18-21; Maleagi 3:16]

**11 Maar 'n wiel het hom ontvang, en sy het op hom neergedaal;**



12 Tesame met hom was 'n Teken van Koningskap en van Heerskappy.

13 Alles wat voor die wiel beweeg het, het hy gemaai en afgesny; [JeshaJaH 41:15; Miga 4:13]

14 Hy het 'n menigte van teëstanders versamel; en Hy het riviere bedek; [Odes van Salomo 39:1Openbaring 12:15]

15 Hy het oorgegaan en baie volke ontwortel en 'n breë Pad gemaak.

16 Die Hoof het neergedaal na die Voete, want sover as die Voete gaan het die wiel gerol saam met hom wat op haar was. [JeségiEl 1:19; JeshaJaH 60:14-17]

17 **Hy was 'n Boekrol en 'n Bevel**, want alle plekke is byeengebring.

18 Op sy hoof het die Hoof verskyn wat geopenbaar is, en die Seun van die Waarheid van die Hoogste El VADER. [JeségiEl 1:26; 2 Ezra 7:26]

19 Hy het van alles besit geneem en hom ontvang; en die denke van vele het tot niks gekom nie. [MattithJaHûW 5:17-18]

20 En almal wat op 'n dwaalspoor gelei is, het ontsnap en gevlug en hulle wat vervolg het, is vernietig en uitgewis.

21 **Maar die Boekrol het 'n groot Plaat van Herinnering geword, wat** geheel en al geskryf is deur die Vinger van Elohim;

en die Naam van die VADER was op hom, en van die Seun, en van die Gees van Apartheid, om te regeer vir Ewig tot in Ewigheid. [Maleagi 3:16; Openbaring 14:1; Exodus 28:36-37]

Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!